# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

25 Augustus 2025
Uitgawe 26



## Uit die hoof se kantoor:

Ek salueer vandag in hierdie skrywe die ongelooflike prestasie van ons Senior Revuegroep wat deurgedring het na die finale ronde van Tshwane Youth Festival se Kaleidoscope kompetisie. Wat 'n ongelooflike prestasie is dit nie! Vories se Revuegroep is verlede jaar op die been gebring en vir die eerste keer het Laerskool Voorpos 'n Revuegroep gehad. Onbekend met die vereistes wat daar gestel gaan word, het die juffrouens die groep gevat, afgerig en uitsonderlike werk verrig, soveel so dat die groep eersdaags in die finaal optree. Dankie juffrouens Nicolene Niemann, Jolinda Grobler, Lezanne Duvenage en Chanrie Gertenbach vir jul harde werk en deursettingsvermoë. Dankie aan elke leerder wat aan die Revue deelneem en hard werk om 'n sukses hiervan te maak. Elkeen van julle Vorie Revuekinders laat my hart warm klop! Julle gaan Donderdagaand op een van die grootste kultuurplatforms deelneem en ons sit bankvas agter julle! Weet dat elke danstreetjie en melodie die Vorietrots vier!

Sterkte Vorie Revuegroep!

Mnr. Gerhard Engelbrecht



## Vers vir die week:

1 Johannes 3:18

"Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid."

# SAGTEBAL

<u>Sagtebaldag teen Louis Leipoldt</u>

Ons het verlede week die dag teen Laerskool Louis Leidpoldt gewen, toe al ons spanne met 'n oorwinning uit die stryd getree het. Die dogters het goeie sagtebal gespeel. Sterkte aan ons o/12 en o/13 dogters wat hierdie week in die finale rondte van die Tshwane Distriksproewe deelneem. Ons weet dit sal goed gaan. Ons volgende ligawedstryd is Dinsdag, 2 September teen Laerskool Tuine.









# REVUE

'n Eerste deelname aan die Tshwane Youth Arts Festival vir ons Revuegroep vanjaar is op 1 Augustus afgeskop. Groot was ons verbasing toe ons vorder tot die Semi-finaal van Kaleidoscope. Vandag kan ons met trots aankondig dat ons Donderdag, 28 Augustus aan die Finaal in die Staatsteater gaan deelneem! 'n Eerste in die geskiedenis van Laerskool Voorpos maar beslis nie die laaste nie. Leerders en onderwysers is vuur en vlam om volgende jaar na hierdie verhoog terug te keer.

Baie sterkte vir Donderdag! Voorpos se ouers, leerders en personeel staan agter julle!














# MINIKRIEKET

Saterdag het ons Little Titans Minikrieket spelers hulle tweede stel wedstryde by Trinity House Centurion gespeel. Met opgewonde harte en ń heerlike warm dag, het elke Vorie-span hulle beste gelewer en die dag baie geniet.










# KRIEKET

Ons krieketspanne het dié week goeie krieket gespeel.
Die o/11-span het ongelukkig Maandag 'n nederlaag teen Laerskool Louis Leipoldt gely. Die spelers het egter dapper vasgebyt. Hulle het waardevolle ervaring opgedoen en kan trots wees op hul spanpoging.
Vrydagmiddag het die o/11's sterk teruggekom en 'n puik oorwinning teen Laerskool Danie Malan behaal. Met goeie boulwerk en skerp veldwerk het hulle die wedstryd oorheers en verdien die wen.
Die o/13-span het Vrydagaand teen dieselfde teenstanders, Danie Malan, te staan gekom. Alhoewel hulle goed begin het, het die wedstryd nie hul kant toe geval nie en moes hulle die nederlaag aanvaar. Tog het die span mooi krieket gespeel en goeie sportmanskap gewys.





# BERGFIETSRY



**Voorpos-bergfietsryers blink uit by Hazeldean Trial Park**

Laerskool Voorpos se leerders het Saterdag by Hazeldean Trialpark aan die Gauteng skoleliga bergfietsbyeenkoms deelgeneem en die skool se naam met trots hoog gehou. Meer as 30 leerders het die uitdagende roetes aangedurf en uitstekende prestasies behaal. Miani du Plooy het 'n pragtige 2de plek behaal, Janelle Coertze 'n pragtige 8ste plek, Melize Rossouw 'n 9de plek, terwyl Ruben Metz 'n sterk 11de plek verower het. Die skoolgemeenskap is besonder trots op elke deelnemer wat met deursettingsvermoë en sportmanskap deelgeneem het.

Laerskool Voorpos sê dankie aan almal wat die dag moontlik gemaak het en hou duim vas vir nog vele suksesse in die toekoms.
















# TENNIS





Laerskool Voorpos se o/13 seuns speel teen Die Krans en wen 35 / 20. Carlo Stipp in Graad 5 (reserwe) het ingestaan en wen sy enkelspel 9 / 0. Dit was die eerste keer wat hy vir die o/13 seuns gespeel het

Die o/11 dogters wen 30 / 13 teen Laerskool Tygerpoort, Mirra Retief wen haar enkelspel 7 / 0.

Baie geluk aan hierdie groep Vories. Julle maak ons trots. Dit is so lekker om te weet julle ouers stel julle altyd beskikbaar om die skool se naam op so 'n manier uit te dra.



## Belangrike datums vir die week:

**Maandag, 25 Augustus 2025**

- Krieket: o/9 B-span @ L/s Pretoria-Oos (Weg)
- Tennisliga
- Sagtebal: o/12 & o/13 Proewe



**Dinsdag, 26 Augustus 2025**

- Krieket: o/13 A-span @ L/s Pretoria-Oos (Tuis)
- Krieket: o/10 A-span @ L/s Pretoria-Oos (Weg)



**Woensdag, 27 Augustus 2025**

- Krieket: o/9 A-span @ L/s Pretoria-Oos (Tuis)

**Donderdag, 28 Augustus 2025**

- Krieket: o/12 A-span @ L/s Pretoria-Oos (Weg)
- Krieket: o/11 A-span @ L/s Pretoria-Oos (Tuis)
- Revue: TYAF Kaleidoscope se Finaal (Staatsteater)



**Vrydag, 29 Augustus 2025**

- Krieket: o/11 en o/13 Dag/Aand @ L/s Die Poort (Weg)

**Saterdag, 30 Augustus 2025**

- Minisagtebal



# Marika Botha
# DANCE ACADEMY

FREE TRIAL







**CECCHETTI BALLET**

**NSDT MODERN**

**FROM AGES 3 TO ADULT CLASSES**

**For more information whatsapp**

**Marika : 076 905 3882**

QUEENSWOOD BASED

# ADVERTENSIES

## Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by

rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

## Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by

rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

1 September 2025
Uitgawe 27



## Vers vir die week:

Jesaja 35:1 -2a

"Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig, oortrek met affodille; hy sal in volle bloei staan, hy sal juig en sing…"

## Uit die hoof se kantoor:

Met die aanvang van die derde kwartaal is ons skool vir die eerste keer in 20 jaar blootgestel aan 'n "whole school evaluation" . Hierdie evaluering behels basies dat die skool in diepte ondersoek word om te bepaal of die nege areas wat 'n skool laat funksioneer in orde is. Dit is dan vir my verblydend om die goeie nuus met u as ouergemeenskap te deel dat Laerskool Voorpos hierdie ondersoek met vleuende vaandels geslaag het. Laerskool Voorpos het nie in een van die nege areas onderpresteer nie. Die uitslag van hierdie evaluering plaas Laerskool Voorpos nie net onder die top skole in Pretoria nie, maar onder die bestes in die land wat funksionaliteit betref.

Baie geluk aan elke persoon, hetsy ouer, leerder of onderwyser wat onbaatsugtig 'n reuse bydra lewer tot die sukses van ons pragtige skool. Elke Vorie kan voorwaar trots wees op hierdie puik prestasie.

Geniet u lentedag!

Mnr. Gerhard Engelbrecht

# REVUE

Baie geluk!

Donderdag, 28 Augustus het ons Revue-groep met groot opwinding na die Staatsteater vertrek, waar hulle aan die Kaleidoscope Finaal in die Novusafdeling gaan deelneem. Elke leerder het hul beste gegee, terwyl ouers, onderwysers en vriende hul kom ondersteun het. Groot opgewondheid het geheers toe ons 'n derde plek verower het. Baie dankie vir elkeen se ondersteuning tydens elke optrede. Dankie aan Trudie en Belinda van "2 Dance" vir ons pragtige kostuums en Topmed Healthcare Distributors vir ons Revuesakke.

Ons laaste groot optrede vind Saterdag, 6 September plaas tydens die AKV kompetisie. Daar sal binnekort oudisies vir volgende jaar se groep gehou word.






Vories is super trots!

# MINISAGTEBAL

Minisagtebaldag by Hoërskool Oos-Moot

Ons het 'n wonderlike dag by Hoërskool Oos-Moot gehad! Al was dit 'n warm dag, het die kinders dit baie geniet en vol ywer gespeel. Die minisagtebalwedstryde was 'n groot sukses en ons kan regtig sien hoe die kinders elke keer met rasse skrede verbeter.

Baie dankie aan ons ouers vir julle ondersteuning en aanmoediging - dit beteken vir ons en die kinders meer as wat woorde kan sê.











# KRIEKET


## Krieketwedstryde teen Pretoria-Oos

Ons krieketspanne het die afgelope week teen Pretoria-Oos kragte gemeet, en die spelers het met groot geesdrif en spanwerk hul vaardighede gewys.

Die o/12-span het 'n oortuigende oorwinning behaal met goeie kolfwerk en slim boulwerk wat Pretoria-Oos op die agtervoet geplaas het. Die o/11's het dieselfde gees gewys en met goeie samewerking 'n welverdiende sege ingepalm. Die o/10's het ook hul stempel afgedruk met 'n sterk vertoning wat Pretoria-Oos geen kans gegee het nie. Die o/9 A-span het dapper geveg, maar moes ongelukkig die knie buig teen 'n sterk Pretoria-Oos span. Die o/9 B's het teruggeslaan met 'n uitstekende vertoning en 'n oorwinning wat die dag mooi afgerond het.

Dit was 'n dag vol sportmanskap en harde werk. Ons is trots op elke speler se bydrae op die veld!









# Belangrike datums vir die week:

## Maandag, 1 September 2025

- LENTEDAG
- Krieket: o/10 B-span @ L/s Villieria (Weg)
- Tennisliga



## Dinsdag, 2 September 2025

- Krieket: o/13 A-span @ L/s Bakenkop (Tuis)
- Krieket: o/12 A-span @ L/s Bakenkop (Weg)
- Sagtebal: Liga @ L/s Tuine (Weg)



## Woensdag, 3 September 2025

- Krieket: o/9 A-span @ L/s Bakenkop (Tuis)
- Krieket: o/9 B-span @ L/s Bakenkop (Weg)

## Donderdag, 4 September 2025

- Krieket: o/10 A-span @ L/s Bakenkop (Weg)
- Krieket: o/11 A-span @ L/s Bakenkop (Tuis)
- Sagtebal: Liga @ L/s Villieria (Tuis)



## Vrydag, 5 September 2025

- Krieket: o/11 en o/13 Dag/Aand @ L/s Villieria (Weg)

## Saterdag, 6 September2025

- Mini-krieket: Little Titans by L/s Voorpos
- Revue: AKV by H/s Wonderboom

Marika Botha
DANCE ACADEMY

FREE TRIAL







**CECCHETTI BALLET**

**NSDT MODERN**

**FROM AGES 3 TO ADULT CLASSES**

For more information whatsapp

Marika
: 076 905 3882

QUEENSWOOD BASED

# ADVERTENSIES




## Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

## Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

8 September 2025

Uitgawe 28



## Vers vir die week:

Efesiërs 4:26-27

"As julle kwaad word, moenie sondig nie en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie."

## Uit die hoof se kantoor:

Soos ek vir u in die video genoem het, begin die kontrakteurs reeds teen Donderdag, 11 September om hulle afmetings te finaliseer en afbreekwerk te doen aan die bestaande strukture. Hierdie is die begin van die bouproses van ons skool se multifunksionelebaan wat alreeds verlede jaar September/Oktober op die agenda geplaas was by die Algemene Jaarvergaderin Soos u weet, kan hierdie baan vir vier sportsoorte gebruik word nl. tennis, netbal, hokkie en krieket. Langs die hoofbaan gaan daar 'n aksiekrieketbaan gebou word. Dit gee die skool geleentheid om fondse te genereer deur die baan uit te verhuur wanne ons eie kinders nie daarvan gebruik maak nie. Die baan sal voorsien word van ligte sodat sport in die aand beoefen kan word. Wat die veiligheid gedurende die bouproses betref, word die area waar daar gewerk word met 'n 1,8 meter heining toegemaak met slegs een ingang van die skool se kant af wat toegesluit sal word. Die geraasvlakke tydens die bouproses sal egter vir die eerste twee weke wanneer die bouwerk begin, hoog wees, terwyl alles gebreek en opgekap word. Daarna sal dit heelwat rustiger word en behoort die geraas minder te wees. Vir almal sal dit 'n opoffering wees, soos met enige bouprojek.

Intussen word daar van verlede week af twee nuwe klasse binne die bestaande kleedkamergedeelte van die seuns en dogters kleedkamers binne die vierkant gebou. Vir twee weke gaan eers die seuns en dan die dogters pouses bietjie verder moet loop die sportbadkamers toe.

Ons is baie opgewonde oor hierdie veranderinge op ons skoolterrein en weet sommer dat dit 'n positiewe impak op ons skool die toekoms gaan hê.

Sterkte vir die week wat voorlê!

Mnr. Gerhard Engelbrecht



# LENTEDAG




Ai, dit is lekker om 'n Vorie te wees!

**Hooglied 2:12**

"Daar is bloeisels in die veld, dit het tyd geword om te sing"













*Dit is heerlike lente*









# LANDLOOP

<u>Ons Atlete Blink Uit by SA Landloopkampioenskappe</u>

Op Saterdag, 6 September, het twee van ons skool se talentvolle atlete aan die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe in Middelburg deelgeneem en hulle het uitstekend gevaar!

Mizaan Louwies het in die o/13-afdeling 'n puik 18de plek behaal. In die o/9-afdeling, het Willem Joubert sterk gehardloop en die 49ste plek verower.

Beide atlete het ons skool se naam met trots gedra en bewys dat harde werk en deursettingsvermoë altyd vrugte afwerp.

Baie geluk, Mizaan en Willem! Ons is ongelooflik trots op julle prestasie




# SAGTEBAL

## Sagtebaldag teen Laerskool Tuine en Laerskool Villieria

Verlede week het ons twee ligawedstryde gespeel. Dinsdag het ons teen Laerskool Tuine gespeel en slegs een wedstryd verloor.Die dogters het baie goeie sagtebal gespeel. Donderdag het ons teen Laerskool Villieria gespeel. Slegs die o/10, o/11 en o/12 spanne het gespeel. Ongelukkig het al die spanne verloor. Ons o/13 dogters speel eers Donderdag hulle wedstryd teen Villieria en ons hou duim vas dat dit goed sal gaan. Ons sluit die 2025-liga op Dinsdag, 9 September af teen Laerskool Danie Malan.


Sterkte aan al die spanne.











# TENNIS

Tennisuitslae die afgelope week:

- 0/13 Seuns wen Eduplex 35 / 20
- 0/13 Dogters wen Stephanus Roos 39 / 16
  ‼ Nerine Retief wen haar enkelspel 9 / 0
- 0/11 Seuns wen Lynnwood 27 / 16
- 0/11 Dogters verloor teen Elarduspark 21 / 22











# KRIEKET

Ons krieketspanne het die afgelope week verskeie wedstryde gespeel en daar was heelwat aksie op die veld. Teen L/s Bakenkop het die o/10's in 'n naelbytstryd met 'n welverdiende wen weggestap. Die o/11's het ook goed vertoon en 'n oortuigende oorwinning behaal. Die o/13's het aanvanklik met selfvertroue gespeel en 'n goeie wen ingepalm. Ongelukkig moes die o/12's en die o/9's tweede kom teen 'n baie kompeterende Bakenkop-span.

Met die dag/aand-wedstryd teen Villeria het die o/11's ongelukkig hul eerste groot toets van die seisoen verloor, terwyl die o/13's in 'n uiters spanningsvolle wedstryd gelykop gespeel het.

Al ons spanne kan egter trots wees – hulle wys week na week hoe spanwerk, deursettingsvermoë en sportmanskap die ware oorwinnings bring.







# MINIKRIEKET

Ons Vories het op Saterdag, 6 September die Little Titans Minikrieket aangebied. Die ouers en kinders het dit baie geniet en met soveel entoesiasme deelgeneem. Minikrieket by ons Vories was beslis 'n dag van goeie sportmangees en 'n groot sukses!









# JUNIORKOOR

**Juniorkoor sing hul harte uit by JuniorJive Koorfees**


Ons juniorkoor het Saterdag, 6 September, die wonderlike geleentheid gehad om deel te neem aan die JuniorJive Koorfees. Hierdie spesiale dag was nie net vol musiek en vrolikheid nie, maar het ook 'n goeie doel gedien – om geld in te samel vir die DBV.

Die koor het pragtig gelyk in hul koorklere en het hul liedere met trots gesing. Hulle is baie gekomplimenteer oor hul mooi sang, asook hul uitstekende gedrag en goeie dissipline. Ons is ongelooflik trots op elkeen van hulle!

Die JuniorJive Koorfees was 'n dag vol glimlagte, musiek en hart, en ons juniorkoor het beslis 'n helder liggie by die geleentheid laat skyn.







## -berig

**Koorfees Uitnodiging: Noot vir Nood**

Ons is verheug om aan te kondig dat albei ons kore op 20 September die geleentheid sal hê om deel te neem aan die Noot vir Nood Koorfees. Hierdie is 'n besonderse en betekenisvolle gebeurtenis wat nie net musiektalent uitlig nie, maar ook die gemeenskap byeenbring in 'n viering van sang en samehorigheid. Ons nooi ouers, vriende en belangstellendes uit om hierdie spesiale aand saam met ons te beleef. Kom ervaar die vreugde van koormusiek en ondersteun ons kore in hierdie unieke geleentheid.



# Belangrike datums vir die week:



## Maandag, 8 September 2025

- Krieket: o/12 A-span @ Southdowns (Tuis)
- Tennisliga

## Dinsdag, 9 September 2025

- Krieket: o/13 A-span @ Southdowns (Weg)
- Sagtebal: Liga @ L/s Danie Malan (Weg)



## Woensdag, 10 September 2025

- Krieket: o/9 A-span @ Southdowns (Weg)

## Donderdag, 11 September 2025

- Krieket: o/10 A-span @ Southdowns (Tuis)
- Krieket: o/11 A-span @ Southdowns (Weg)
- Sagtebal: Liga - o/13 span @ L/s Villieria (Weg)



## Vrydag, 12 September 2025

- Krieket: o/11 en o/13 Dag/Aand @ L/s Magalieskruin (Weg)

## Saterdag, 13 September2025

- Mini-sagtebal by L/s Skuilkrans

# ADVERTENSIES




**Hoe adverteer ek op Vorienuus?**

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by

rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

**Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?**

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by

rekeninge@laerskool-voorpos.co.za